




Basiese riglyne vir veldverbetering



1. Wat is veldverbetering?

Veldverbetering is wanneer veld wat in 'n swak toestand is, verbeter word deur saad van smaaklike inheemse plante, eie aan die omgewing, in te saai. Dit word gedoen omdat die meeste plante wat beskikbaar is vir weiding nie deur vee gevreet word nie, soos bv. gifplante - of daar is bykans geen plante meer oor nie bv. kaalgrond. Veld verswak wanneer daar onoordeelkundig beweide word en die plante nie kans kry om te herstel, te blom, saad te vorm en saailinge te vestig nie.

2. Hoekom is dit belangrik om my veld te verbeter?

Veldverbetering is belangrik, want nadat die diere die smaaklike bossies en grasse oor 'n langtermyn uitgeweide het, is daar nie meer saad van hierdie plante in die veld beskikbaar nie. Dit is meestal as gevolg van 'n swak weistelsel, waar beweiding die verkeerde tyd van die jaar plaasvind. Die kampe word dus elke jaar op dieselfde tyd beweide en spesifiek dan wanneer dit blom en saad maak. Sodoende word dit afgeweide en sal daar na 'n tyd nie meer smaaklike plante of van hul saad in die veld wees nie en moet saad ingesaai word. Dit is belangrik om 'n groter verskeidenheid van plantsoorte in die veld te kry, meer kos te voorsien en die biodiversiteit te verbeter. Dit word gewoonlik gedoen wanneer veld so agteruitgegaan het dat die onttrekking van vee alleen nie 'n impak gaan hê nie, maar dat iets aktiefs gedoen moet word. Byvoorbeeld op:

- Kaalkolle en oorbeweide veld waar pionierplante, soos kraalbos, dominant is.
- Oulande waar herstel na natuurlike veld vinniger kan geskied deur insaai.



- Ander voordele van veldverbetering deur insaai van saad is dat die plantsamestelling van 'n dominante minder vreetbare spesiesamestelling na 'n meer vreetbare spesiesamestelling verander word en dit kan die dra vermoë van die kamp verbeter
- Deur hierdie swak areas, met dikwels 'n lae bedekking, te verbeter kan dit ook dien as teenvoeter vir klimaatsverandering al dra dit slegs 'n klein deeltjie by.

3. Hoe kan ek my veld verbeter?

- Dit is belangrik dat die grondkors gebreek word om 'n saadbed te skep, om die ontkieming en vestiging van die plante te verbeter.

- Verbetering van swak veld en oulande met permanente meer vreetbare plante:

Hier word met die hand ingesaai om te verhoed dat met voertuie deur die veld gery word:

- Saai saad na die eerste reën van die reënseisoen.
- Gebruik 'n graaf of tuinvurk en maak 'n bietjie grond los onder 'n bossie, verkieslik vygies.
- Plaas enkele sade in die losgrond en trap dit vas. Moenie die saad met grond bedek nie.
- Alternatiewelik kan saailinge, wat in saailaai of -bakke ontkiem is, onder die bossies geplant word.
- Versprei die saad oor so 'n groot area as moontlik en voltooi eers insaai in een gebied/kamp voor daar na 'n volgende gebied/kamp aanbeweeg word.



- Verbetering van kaalkolle en oulande:
 - Waar groot kaal areas herstel moet word, kan van 'n trekker en implemente gebruik gemaak word.
 - Dit sluit in: Vlekploeg, happloeg, ghrop, skeurploeg, eenskaarploeg.
 - Vlekploeg is die mees koste-effektiewe metode vir herstel van kaalkolle in die Karoo.



- Ploegwerk moet so diep as moontlik (>300 mm) gedoen word anders sal dit met die eerste reëns toewas en nie die doel bereik nie. Dit is veral die geval op kaalkolle met kleigronde.
- In sandgronde moet die boonste grondlagie ook gebreek word, tot ten minste 250 mm diep.
- Ploeg stroke in verband, 1-2m uitmekaar, en loodreg tot die vloei van die water
- Bedek die area met organiese materiaal, wat takke of strooi insluit en/of maak gate / vore om vog te behou en 'n mikroklimaat en saadbed te skep.
 - Op sandgronde wat geneig is om te waai, kan nette gespan word loodreg tot die algemene windrigting.
- Saai saad van gewenste spesies in (3-5kg saadmengsel/ha)
 - Maak seker mengsel bevat ook pionierspesies.
 - Gebruik saad eie aan gebied.
 - Saai saad na eerste reën van die reënseisoen.
 - Plaas 'n paar sade 1 meter uitmekaar in die vore.
 - Moenie die saad uitstrooi nie, so gaan baie saad verlore.
 - Moenie die saad met grond bedek nie.



4. Waar kry ek saad?

- Redelike groot hoeveelhede saad kan by Worcester Veldreservaat aangekoop word of indien beskikbaar in jou veld, geoes word. As dit buite jou plaas geoes word is skriftelike toestemming van die grondeienaar nodig en indien saad van bedreigde of beskermde plante geoes word is 'n permit van Natuurbewaring (CapeNature) nodig.
- Saad kan geoes word deur dit met die hand af te pluk, of van 'n stofsuier gebruik te maak of grasse kan met 'n sekel gesny word. Saad is meestal gereed vir oes wanneer dit begin verkleur.



- Tans is dit slegs by Worcester Veldreservaat en enkele privaat instansies waar saad vermeerder word en aan boere verkoop word vir rehabilitasie en/of verbetering van hul veld.
 - Die spesies waarvan saad op Worcester Veldreservaat vermeerder word is van inheemse plantspesies waaraan die weidende dier voorkeur gee en sluit in: Karoobietou (*Tripteris*)

sinuata), Hartbeesgras (*Chaetobromus dregeanus*), Haarbossie (*Hirpicium integrifolium*) en Kapokbos/Roosmaryn (*Eriocephalus africanus*).

- Al meer mense word bewus van die belangrikheid om swak veld te verbeter en daarom word die vraag na saad van inheemse smaaklike spesies al groter.
- Worcester Veldreservaat kan nie voorbly met aanvraag na saad vanoor die hele Wes-Kaap asook buurprovinsies nie. Daarom is dit uitgebrei na Nortier Navorsingsplaas naby Lambertsbaai.
- Saad wat op Worcester geoes en verkoop word, is nie noodwendig aangepas in al die streke nie, en vestig dus nie altyd so suksesvol nie. Daarom is dit belangrik dat aanplantings uitgebrei word na ander streke van die provinsie.
- Die omgewing bepaal die soort plante wat daar gaan voorkom, gebruik dus plante wat aangepas is vir die gebied vir goeie resultate. Plante in die somer- en winterreëengebiede verskil van mekaar, al is dit dieselfde spesie. Daar kom selfs verskille binne hierdie streke voor, soos wat die klimaat en grond verskil.
- Moenie uitheemse spesies saai/plant nie.

5. Bestuur

- Rus vir ten minste een groeiseisoen sodat plante kan blom, saad maak en saailinge kan vestig. Moenie met beweiding van kamp begin voor ingesaaides nie ten minste een keer gebloom, saad gevorm en nuwe saailinge gevestig het nie.
- Plant/saai 'n kamp klaar voordat met 'n volgende kamp begin word.
- As daar in kampe geplant is wat deel is van 'n weidingstelsel, maak seker dat die plante geleentheid kry om ten minste twee keer in 3 jaar te kan saad afgooi, om sodoende oorlewing en verspreiding te verseker.
- Hou dieregetalle so ver moontlik onder die aanbevole weikapasiteit.
- Vir veldverbetering is dit belangrik om saad van gewenste spesies (wat afwesig is) in die grond beskikbaar te stel, rus van veld alleen gaan dus nie suksesvol wees nie.
- Die belangrikste is dat die veld nooit in so 'n toestand moet verval dat aktiewe verbetering nodig is nie.
- Hervestiging is baie duur, kyk dus goed na jou belegging (veld).



Departement Landbou: Wes-Kaap

Kontakpersone:

Nelmarié Saayman
Instituut vir Plantproduksie
Tel: 021-8085330; Sel: 0829071129;
e-pos: nelmaries@elsenburg.com

Christie Rheeder
Nortier Navorsingsplaas
Tel: 027-4329903; sel: 0836410703
e-pos: christier@elsenburg.com

Hannes Botha
Worcester Veldreservaat
Tel: 023-3471121; sel: 0828013665
e-pos: hannesb@elsenburg.com

Stefan Theron
Landcare: Sentraal Karoo
Tel: 023-4142126; sel: 0829072801
e-pos: stefant@elsenburg.com